

## Gereformeerde Kerk Bellville – 16 September 2018 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 9-1:8, 11 (Sb 26)

- 8 Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie, / maar liefde moet jou steunsel wees.  
Jy mag die heil'ge eg nie breek nie, / maar, kuis van hart, die HERE vrees.
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade<sup>o</sup>is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 97:1, 6 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,  
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.  
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;  
sy rykstroom is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 6 Beminnaars van die HEER, / haat wat sy Naam onteer,  
en wandel in sy weë. / Hy is sy volk geneë  
en sal in doodsgevaar / sy gunsgenoot bewaar;  
Hy red hom van die hand / wat dreig van alle kant, / van die geweldenaar.

Gebed

Psalm 50:8, 11 (p. 255) (Tweede melodie Ps 59)

- 8 Aan wie sy wet verwerp, sê God: / "Wat meld jy nog van my verbond?  
En spreek jy nog van my gebod? / My heilighede in jôu mond! –  
terwyl jy tog my roede haat, / my woord verwerp om My te smaad.
- 11 "Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,  
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.  
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou."

**Skriflesing:** Spreuke 5:1-23; Heidelbergse Kategismus, Sondag 41

**Kernvers:** Spreuke 5:15

**Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put.**  
(Spreuke 5:15 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?**

*Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).  
(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.*

**Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?**

*Antwoord: Omdat beide ons liggaam en siel 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons al twee rein en heilig bewaar. Daarom verbied Hy alle onkuisse dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).  
(a) Efes 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Efes 5:18; 1 Kor 15:33.*

## **Tema:** Om kuis en ingetoë te lewe as kind van God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het nog met mekaar afgespreek om aan die hand van die sewende gebod ook te luister hoe die Here ons leer om kuis en ingetoë buite die huwelik te lewe. Omdat die huwelik die eerste verhouding is wat God tussen mense gevestig het, het ons die afgelope twee Sondae gehoor hoe die gelowige man en vrou kuis en ingetoë binne-in hulle huwelik lewe. Nou bly daar vir ons oor om ook agter te kom hoe 'n gelowige kuis en ingetoë lewe buite die huwelik.

Teen alle populêre sienings in behoort 'n mens se liggaam en siel nie aan homself nie. Elke mens se liggaam en siel behoort aan die Here omdat Hy die Skepper en Onderhouer daarvan is. Die ongelowiges sal dit natuurlik wil ontken, maar ons het nie nodig om hulle daarvan te oortuig nie. Dit is vir eers genoeg dat ons dit weet.

Gelowiges is deur die Heilige Gees oortuig dat hulle liggaam en siel die eiendom van die Here is. Jou en my liggaam is die eiendom van die Here omdat Hy die Skepper en Onderhouer daarvan is. Maar daar is 'n nog meer persoonlike rede waarom jou liggaam en siel eiendom van die Here is. Ons bely dit reeds in die heel eerste antwoord van ons Kategismus. In daardie antwoord bely ons: ***Ek behoort met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan my troue Saligmaker Jesus Christus omdat Hy my liggaam en siel met sy kosbare bloed losgekoop uit die heerskappy van die duiwel en die sonde.***

Aangesien Christus die gelowige se liggaam en siel losgekoop het met sy bloed, is Hy die regmatige Eienaar van die gelowige se liggaam en siel. Wanneer die Heilige Gees aan 'n mens die wedergeboorte skenk, sodat die mens Christus in die geloof as sy Verlosser kan omhels, is dié mens nog nie volmaak nie. Sy sondeskuld is deur Christus betaal, maar daar is nog nie met sy sondige geaardheid klaar afgereken nie. Daarom het Christus en die Vader die Heilige Gees aan die gelowige gegee. Deur die heiligende werk van die Heilige Gees binne-in die gelowige is hy in staat om hom daagliks tot God te bekeer.

Omdat jou liggaam en siel aan die Here Jesus behoort, bely jy saam met die ander gelowiges wat God wil hê jy met jou liggaam en siel moet doen. ***God wil hê dat jy jou liggaam en siel rein en heilig moet hou.*** Om jou liggaam en siel rein te hou beteken dat jy nie jou liggaam en siel moet bemors met die dinge van die wêreld en van jou sondige geaardheid nie. Omdat Jesus Christus jou verlos het, het die Heilige Gees jou deur die ware geloof uit die ryk van duiwel uitgebring en jou afgesonder vir die Here. Daarom moet jy daarop ingestel wees om elke deel van jou liggaam en jou siel volledig aan die heerskappy van Jesus Christus te onderwerp. Hy wil jou liggaam en siel in sy diens gebruik om God te verheerlik, daarom is jy afgesonder – geheilig – vir die Here.

Broers, susters en kinders, daar is 'n magdom versoekings waarmee gelowiges daagliks gepeper word. Dit is versoekings om enige denkbare sonde te doen. En wanneer dit by oortreding van die sewende gebod kom, het die duiwel en die wêreld nie 'n tekort aan verleidings nie. Elke geleentheid en ding word gebruik om mense te verlei – kleredrag, die woorde van liedjies, rolprente en TV programme, selfs foto's en beelde in advertensies. Maak nie saak wat geadverteer word nie, die duiwel en die wêreld sal 'n manier kry om 'n seksuele suggestie te laat flits.

Daarom kan 'n mens as gelowige nooit jou waaksaamheid verslap nie. En ouers, moenie dink dat jongmense en tieners hoofsaaklik vanaand aandagtig moet luister nie. Dit is nooit te vroeg en jou kleuter is nooit te jonk om hom en haar paraat te maak vir hierdie soort van verleidings waarmee die duiwel en die wêreld ook jou kind sal peper nie. Die vader van die

seun in Spreuke 5 roep sy seun om te luister na sy wysheid. Wysheid in die boek Spreuke en die res van die Bybel is nie maar net om slim te wees of 'n klomp kennis te hê nie. Egte wysheid begin met die vrees van die Here (Spr 1:7). Daarom, om getrou te bly aan die Here wanneer dit kom by die sewende gebod, begin dit by ontsag vir Here. Wie ontsag het vir die Here, sal hom steur aan die onderrig wat die Here gee.

Laat ons eers luister hoe sê die Here watter gif skuil daar in ongehoorsaamheid aan die sewende gebod. As die verleidings nie aangenaam gelyk het nie en die versoekings nie allerhande mooi dingetjies belowe het nie, sou baie min mense daarvoor geval het. Maar van die begin word die verleidings en versoekings met die mooiste beloftes toegedraai. Dit was omdat die verbode vrugte in die tuin van Eden 'n lus vir die oë was en die belofte van kennis ingehou het dat dit so aanloklik was.

So word elke ander verleiding vandag nog aan 'n mens voorgehou. Kyk net hoe aanloklik en begeerlik kom die verleiding uit die mond van die slegte vrou hier in Spreuke. Haar lippe drup heuningstroop (Spr 5:3). Die verleiding laat net die regte prentjie voor jou oë kom. Die verleiding laat jou ore net die regte woordjies hoor om jou net daardie een treetjie verder op die verkeerde pad te gee. En as jy jou laat lei deur die wêreld se raad, sal jy meer as genoeg aansporing kry om die geleentheid aan te gryp. Jy het mos deesdae 'n reg om alles te geniet. As dit jou gelukkig maak, doen dit. En die wêreldse mense hou daarvan om die woordjie *liefde* ook by hierdie soort verleidings sit. En dan word daar geredeneer, as dit liefde is, kan dit mos nie verkeerd wees nie.

Daardie verleiding smaak maar net aan die begin lekker. Daardie mooi woordjies en beloftetjies waarmee jy uitgelok is, verander in wilde-als as dit eers in jou mond is. Verleidings is soos 'n swaard wat aan weerskante skerp is. Wanneer jy toegee daaraan, word jy losgesny van die waarheid en die Here.

Om toe te gee aan hierdie verleidings waar jou sondige geaardheid meesleep na 'n geliefkoos en 'n onwelvoeglike vattery aan iemand met wie jy nie getroud is nie, is nie maar 'n tydelike terugslag nie. Dit is nie dieselfde as om te struikel en maklik weer op jou voete kom nie. Jy word deur hierdie verleidings stadig maar seker ingekatrol, en hoe langer jy op hierdie pad voortgaan hoe nader kom jy aan jou totale ondergang. Want kyk waarheen, sê die Here, lei die slegte vrou se voete jou:

**Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe.**

(Spreuke 5:5 AFR53)

Dit gebeur met 'n mens wanneer hy in enige sonde volhard. Maar die Here waarsku in besonder teen hierdie soort oortredings. Bly weg van die slegte vrou. Moenie eers naby haar huis verbygaan nie (Spr 5:8). Wanneer die verleidings kom om die sewende gebod te oortree, moet jy so gou as moontlik wegkom. Dit maak nie saak hoe mooi die beloftes klink of hoe aanloklik die uitnodiging is nie. Wanneer jy jou blootstel aan hierdie verleidings tree jy buite die beskerming en bewaring van die Here. Daarom bely ons dat 'n mens moet wegbly van alle **onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei.**

Maar laat ons maar eerlik wees met mekaar. Dit is gebeur maar min dat 'n verleiding soos hierdie sommer uit die bloute skielik op jou pad kom. Ek dink die beskrywing wat die Here in Spreuke 7 gee, is hoe dit die meeste van die tyd gebeur dat 'n mens in die strik van die duiwel beland. Die pa van die seun vertel van 'n jongman wat hy gesien het. Hierdie jongman het naby die huis van die slegte vrou rondgestaan. En toe dit begin skemer word, het hy nader aan die huis gekom en toe dit donker word en hy dink niemand sien hom nie, het hy saam met die vrou in haar huis ingeglip.

Ons moet onself nie probeer wysmaak dat die aanslag vandag groter is as wat dit in ons ouers se tyd was nie. Moet ook nie probeer om die skuld op iemand anders te pak nie. Elke mens word versoek wanneer hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word (Jak 1:14). In jou eie gedagtes begin jy wonder hoe lyk 'n vrou of 'n man met min of geen klere aan. As jy daardie gedagte nie sommer net daar nek omdraai nie, gaan jy aan om daarvoor te wonder. Naderhand gaan jou nuuskierigheid jou eie begeertes aanpor totdat jy op daardie webblad gaan kyk of daardie boek oopmaak of by daardie klub instap. Pasop vir daardie ledige tydies alleen. Sodra die duiwel uitgevind het wat jou swak kant is, gaan hy sy aas vir jou uitgooi.

As jy een maal toegee het aan hierdie verleiding en jy is nie uitgevang nie – want dit is mos deel van die verleiding, niemand sal weet nie – gaan jy 'n volgende keer weer toegee daaraan. En elke keer gaan jy die genot kry wat die verleiding aan jou beloof het. En kort voor lank word jy vasgehou in die strikke van jou sonde. Hoe ernstig jy jou ook al voorneem om nie weer dieselfde ding te doen nie, jy kan dit nie meer regkry nie. Nou moet jy begin leuens vertel sodat niemand uitvind nie. Jy begin 'n dubbele lewe te lei – 'n lewe van leuens voor ander mense, en dan jou lewe waar jy alleen is met jou sondige begeertes.

Maar kyk 'n bietjie waar het hierdie dubbele lewe van leuens en bedrog begin. Die sondaar wat homself in die strik van die duiwel laat verstrengel raak het, sê dit self:

**Ek het my opvoeding versmaai, ek het my nie gesteur aan die onderrig nie. As ek maar geluister het na my leermeesters en my ore oopgemaak het toe hulle my geleer het!** (Spreuke 5:12-13 AFR83)

Wanneer 'n mens vir jouself sê: Ag, my ouers wil my net bang praat met al hulle waarskuwings. Ek is nie so dom om my te laat vastrek nie. Ek sal een keer kyk en dan sal ek wegstap. Ek sal een keer my nuuskierigheid bevredig en by die klub ingaan en dan is dit klaar. Ek sal mos niks oorkom nie. Jongman en jongdogter, moet jou nie self met hierdie storiëtjies wysmaak nie. Luister eerder wat sê die Heilige Gees vir jou:

**Kan jy kole vuur in jou klere inhark sonder dat jou klere aan die brand raak? Kan jy op brandende kole loop sonder dat jy jou voete brand?**  
(Spreuke 6:27-28 AFR83)

Is jy miskien een wat jou klere of voete verbrand het met hierdie soort sondes teen die sewende gebod? Dat jy vanaand die Here se woord oor hierdie saak hoor, is 'n bewys van sy genade aan jou. Die goeie Herder het jou gesoek en Hy roep jou terug na Hom toe. Moenie vanaand uitstel nie. Luister en neem jou toevlug na Christus. Sy bloed sal ook hier-die skuld van jou afwas en jou witter as sneeu maak. Hy wil dit doen, moenie jou rug nou op Hom draai nie. God het al baie ander mense wat hulleself met onsedelike verhoudings besig gehou het en saam met iemand geslaap het met wie hulle nie getroud was nie, vergewe. Hy vertel vir ons daarvan in die eerste brief aan die Korintiërs (1 Kor 6:9-11).

Die Here het die man en die vrou verskillend geskape. Hy het hulle ook so gemaak dat 'n man tot 'n vrou aangetrokke sal wees en andersom ook. Hy het hulle liggeme geskep sodat hulle mekaar kan aanvul. Die Here het dus bedoel dat 'n man en 'n vrou in die veiligheid van die huwelik 'n fisiese verhouding sal hê. Die sondeval waarin die mens homself gedompel het, het ook veroorsaak dat die mooi verhouding tussen 'n man en 'n vrou nou deur die duiwel uitgebuit word. Die mense wat egter met die bloed van Christus vrygekoop is uit die mag van die duiwel en die sonde, moet met die krag van die Heilige Gees stry teen die sondige begeertes. Daarom handhaaf God steeds die huwelik sodat die

mense wat aan Hom behoort alle onkuisheid kan vermy.

Omdat die Here die huwelik ingestel het juis sodat die mens onkuisheid kan vermy, maak Hy dit ook duidelik dat 'n mens dan onder geen omstandighede 'n seksuele verhouding met enigiemand kan hê as jy nie met daardie vrou of man getroud is nie. En iemand wat getroud is, mag onder geen omstandighede op enige manier 'n verhouding hê met iemand met wie hy of sy nie getroud is nie. Daarom sê die Here vir ons:

**Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put.** (Spreuke 5:15 AFR53)

Verderaan in die hoofstuk maak die Here hierdie beeld duidelik. Bly getrou aan die vrou met wie jy getrou het. Geniet haar liefkosings en laat haar liefde jou bedwelm. Dit is wat die Here wil hê vir jou.

Maar wat nou van julle wat ongetroud is? Luister na die onderrig van die Here. Hou jouself rein en heilig. Moenie jou liggaam en siel gaan bemors met die dinge waarmee die wêreld jou wil verlei nie. Maak vriende met gelowige mans en vroue. Soek vir jou vriende wat net so ernstig is as jy oor 'n verhouding met Jesus Christus. Jongman, as jy belangstel in 'n meisie, moenie net op die uiterlike skoonheid konsentreer nie. Die Here sê dit baie duidelik:

**Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dan verdien 'n vrou om geprys te word.** (Spreuke 31:30 AFR83)

Jongvroue, hierdie woorde geld ook vir julle. Moenie dat die jongman se spiere of gladde mond jou flous nie. Maak seker dat hy die Here dien, dan is hy werd om geprys te word.

Geliefdes, dit lyk asof 'n seksuele verhouding vir baie mense al is waaroor die lewe gaan. En die duiwel weet hoe maklik hy mense met hierdie soort verleidings in sy strik kan kry. Laat ons waaksaam bly en mekaar ook waaksaam hou. Die Here leer ons in die sewende gebod wat sy wil is. Jy kan die keuse maak – gaan jy giftige water drink of gaan jy die skoon water drink wat die Here vir jou bestem het. Mag die Here ons vashou sodat ons in ons verhoudingslewe die Here altyd sal bly eer.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 119:12, 13 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;  
u belofte<sup>o</sup>aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!  
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe<sup>o</sup>in my gemoed  
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt  
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.  
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.  
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

16 September 2018